# Gereformeerde Kerk Pietersburg

# Die Basuin

**04 Maart 2018**

**Predikant:**
**ds. P.R. Gouws/ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1630/296 1840**
**Sel: 072 437 7938/082 809 0222**
**gouwspr@gmail.com of**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## Tema 2018 – *REFORMEREND VORENTOE*

| | |
|---|---|
| **OGGEND EREDIENS** | **ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jesaja 51: 17 - 23; Matteus 26: 27 - 28; Johannes 18: 10 - 11 |
| **Tema** | Ons drink die genadebeker van God |
| | Skrifberyming 18-7: 1, 3 |
| | Psalm 84: 2, 3 |
| | Psalm 71: 9, 10 |
| | Psalm 38: 1, 17 |
| | Psalm 107: 10, 21 |
| | Psalm 23 |
| | Psalm 116 |
| | Onse Vader |
| | Skrifberyming 18-6: 3 - 5 |

Vir Jerusalem was die wegvoering in ballingskap 'n oordeelsbeker om te drink. Hulle was ongehoorsaam en het God se verbond gebreek. Die Here bring 'n oorblyfsel terug. Uit daardie deel van die volk word Jesus Christus gebore. Hy dra die volle oordeel van God aan die kruis - oordeelsbeker. Hy drink dit deur Sy lyding leeg en roep: Dit is volbring. En vandag kan ons saam roep: Christus se offer gee vir my 'n beker van dankbaarheid. Ek het genade ontvang. Geliefde gemeente, God se genadebeker is 'n geloofsbeker. Kom ons leef as dissipels elke dag die genade van God op hierdie aarde.

- **Katkisasie**

  Daar is nie vanoggend katkisasie nie weens die nagmaal.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **04 Mrt. 2018** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| 05 Mrt. 2018 | **18:00** | Breëkerkraadsvergadering | |
| 10 Mrt. 2018 | | Sustersaamtrek – Louis Trichardt | |

- **Konsistoriediensbeurt 04/03/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | **C2 Potgieterlaan** | **Katkisasie:** | Geen |
| **Ouderling:** | Cassie Carstens | **Diaken:** | Vakant |

- **Oog vir mekaar**
  - Baie geluk aan Jan-Carel en Melissa Oosthuizen met jul swangerskap! Ook vir oupa Paul en ouma Rinie baie geluk. Ons hoop dat dit 'n baie geseënde swangerskap sal wees en dat die kleintjie vir julle baie vreugde sal bring.
  - Ons dink ook aan Andries en Marisa Linde met Esmari wat nog in die hospitaal moet lê nadat sy vroeg in kraam gegaan het. Dit gaan onder omstandighede goed. Sy kry nog gereeld kontraksies, maar hulle beheer dit goed en probeer die geboorte uit te stel tot op 37 weke.
  - Geluk aan Hennie en Lynda Both met hul dogter Desiré wat Donderdag haar graad ontvang het. Ons is bly sy het soveel van haar ma se gene geërf.
  - Baie geluk ook aan Pieter en Barbara Nagel met Eric wat sy honneursgraad Vrydag ontvang het.
  - Salomie Smith se suster is gediagnoseer met kanker. Baie sterkte vir julle.
  - Ons bid vir en saam met die volgende lidmate:
    - Lida Borman is besig met chemoterapie.
    - Santjie Bester wat kanker onder lede het.
    - Esther Venter se heup het Donderdag gebreek en sy is geopereer.
    - Johnny O’Reilly het Donderdag 'n chemoterapie behandeling voltooi. Sterkte vir jou en Lynne.
    - Piet Fourie wat ook steeds onder die dokters se behandeling is.
    - Dit gaan goed met Petro Enslin en sy is in haar woonstel.
    - Lenie Bothma was ook die afgelope tyd deur die hande van verskeie dokters met behandeling vir kanker. Ons is dankbaar dit gaan effe beter.
  - Van ons senior lidmate ly onder die gevolge van die ouderdom. Ons vra almal se voorbidding vir hulle.
  - As enige lidmaat dalk silwer krukke "geleen" het wat in die konsistorie was, bring dit asb. terug. Dit is Santjie se eiendom en sy het dit dringend nodig.

- Ons verwelkom in ons midde vir Poppie Potgieter en Johan van der Merwe. Mag die Here julle elke dag seën in julle geloofslewe.

- **<u>Attestaat ontvang</u>**

  Geen.

- **<u>Attestaat uit</u>**

  Geen.

- **<u>Opgeneem in Gereformeerde Kerk</u>**

  Geen.

- **<u>Vertrek sonder attestaat</u>**

  Geen.

- **<u>Nuwe lidmate</u>**

  Geen.

- **<u>Algemeen</u>**

- **<u>Senior se gesamentlike byeenkoms</u>**

  Die senior lidmate van Pietersburg en Pietersburg-Noord gemeentes hou 'n byeenkoms op Saterdag, 17 Maart. Die byeenkoms begin om 09:00 die oggend by die kerkgebou van Pietersburg-Noord. 'n Potjiekoskompetisie word gehou en lidmate moet hulle eie eetgerei en drinkgoed saambring. 'n Gesellige oggend vol pret en plesier word beplan en lidmate van ons gemeente wat die geleentheid gaan bywoon word gevra om hulle name te stuur aan Dewald Hattingh 082 460 3237. Kom geniet 'n heerlike oggend saam met ons.

- **<u>Simfonia Juventi</u>**

  R100 'n kaartjie. Kinders onder 12 gratis.



- **<u>Gemeente aksie – 25 Mei 2018</u>**

  Sop en sjerrie aand, 25 Mei 2018 om 18:00. Almal word hartlik uitgenooi na ʼn aand van heerlik saam kuier.

- **<u>Koster</u>**

  Die Koster posisie is steeds beskikbaar en aansoeke kan by die kerkkantoor ingegee word of e-pos dit aan: gkerkpburgsuid@telkomsa.net
  - Die vergoeding is R3400 per maand
  - Eie vervoer is vereiste en uit die aard van die saak sluit dit ure oor naweke in

- **<u>Susters</u>**

- <u>Teeskinkbeurte</u>

| | |
|---|---|
| **11 Maart:** | Wilma Botha<br>Natasha Oberholzer<br>Veronica Schutte<br>Anne-Marie van der Walt<br>Bettie Combrink |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met ʼn ander suster uit asseblief!**

- **<u>Beroepenuus</u>**

  Geen.

- **<u>Bybelstudie</u>**

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Donderdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

Indien daar lidmate is wat individueel of in gesinsverband wil tuisbybelstudie doen, het ek 'n paar wat ek vir julle kan aanstuur.  My adres is:
altatheron@vodamail.co.za

| | |
|---|---|
| Gebed | Openbaring |
| Daniël | Dood en hiernamaals |
| Joël | Jakobus |
| Maleagi | Die duiwel maak sin |
| Miga | Hebreërs |
| Nahum | Die lewende kategismus |
| Groei in die Gees | |

- **Plasings in die Basuin**

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Lynda Both kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# Kalender

| ***Verjaardae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **Regstellings** | | | |
| **Ma. – 26 Feb.** | **Marius Thiart**<br>**Hannes Veldman** | **B**<br>**B** | **082 853 4434**<br>**082 332 6998** |
| So. – 04 Mrt. | Nicolette Howard<br>Alissa Korff<br>Riëtte Venter | B<br>D<br>B | 015 297 0500<br>082 802 3740<br>079 522 7716 |
| Wo. – 07 Mrt. | JP Coetsee | D | 079 490 2678 |
| Vr. – 09 Mrt. | Hester Loots<br>Sharon van der Merwe | B<br>B | 015 296 2391<br>082 561 2167 |
| Sa. – 10 Mrt. | Mariëtte de Lange | D | 082 493 4223 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 4 Maart 1967 | Neels en Alta Botha | 51 | 082 809 0408/082 546 6119 |
| 6 Maart 2004 | Kenneth en Janine Bernhardi | 14 | 082 449 7428/082 083 2082 |
| 10 Maart 2001 | Francois en Alta Pretorius | 17 | 074 145 8923/071 588 1903 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
**Tydelike koster:**
Cassie Carstens
081 354 3400

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Lynda Both |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | gkerkpburgsuid@telkomsa.net |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |